



Opkomende Veiling in
Lutzville...

29 Mei 2026 @ 11H00

WEB VERW: RL5986 | POA

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

Opkomende Veiling in *Lutzville*...

WEB VERW: RL5986 | POA

Veiling Sluit:

Besigtig:

Plek:

Webwerf:

Vrydag 29 Mei 2026 om 11H00

Slegs per afspraak

Op die perseel

[Click here](#)

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS



MEMBER OF THE BKB GROUP

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Eiendom te Koop in *Lutzville*...

PRAGTIGE PLAAS TE KOOP PER Veiling

Ontdek hierdie uitstekend ontwikkelde 20-hektare plaas in Lutzville, Wes-Kaap.

Die eiendom beskik oor 16 ha wingerde met drupbesproeiing, 2 ha lusernweidings met sprinkelbesproeiing, en 'n klein suurlemoenboord. Waterregte sluit in 13,7 ha geregistreer by die Lorwua-waterkema, ondersteun deur 'n 4900 m³ besproeiingsdam, sterk boorgat, en 'n Motorola pompstasie.

Die infrastruktuur sluit in 'n hoofhuis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, kombuis met opwasarea, en 'n onthaalruimte met braai, sowel as twee volledig gemeubileerde kothuise, kantoor en stoorgewone, afdak, werkswinkel, en arbeidersfasiliteite.

Perdgeriewe met kampe en stalle voeg verdere waarde toe.

Hierdie is 'n netjiese, produktiewe plaas – ideaal vir ernstige landboubelegging.

Opkomende Veiling in *Lutzville*

WEB VERW: RL5986 | POA



HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Opkomende Veiling in *Lutzville*

WEB VERW: RL5986 | POA



HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account



Eiendomsbeskrywing in *Lutzville*...

WEB VERWF: RL5986 | POA

Geregistreerde Eienaar:

JACOBUS EVERHARDUS NOLTE

Identiteitsnommer:

6512165125087

Titelakte Beskrywing:

ERF 78 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING
VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP.

Grootte:

10,4334 HA

Titelakte Beskrywing:

ERF 419 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING
VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP.

Grootte:

9,8879 HA

Titelakte Beskrywing:

ERF 801 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING
VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP.

Grootte:

6,5266 HA

Totale Grootte:

26,8479 HA

VRYWARING: Nieteenstaande alle redelike voorsorg getref vir die verkryging van die korrekte inligting, waarborg nóg Home and Hectare (PTY) LTD, nóg enige van sy filiale of verwante maatskappye, nóg die Verkopers, die korrektheid van die inligting, en sal geeneen van die voorafgenoemde aanspreeklik gehou word vir enige direkte skade of verlies, van welke aard ookal, gely deur enige persoon as gevolg van foute of weglatings in die inligting verskaf nie, hetsy toe te skryf aan die nalatigheid of andersins van Home and Hectare (PTY) LTD, sy filiale of verwante maatskappye, die Verkopers, of enige ander persoon.

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Kontak...

WEB VERW: RL5986 | POA

Appie Maritz

082 825 3895

appie.maritz@homeandhectare.com

Albie Loubser

082 573 9902

albie.loubser@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS



MEMBER OF THE BKB GROUP

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

SAWIS 1: Vineyard Status Report

Date: 2020-10-21

Member Name:

Mr J E Nolte

Member Number:

14296

Address:

POSBUS 102

Tel No:

0272172511

Fax No:

0866634732

Email:

ctracks@vodamail.co.za

Kockenaap
8146

Member of producer cellar:

No

Farm name:

Sonnekus

Farm Number:

3037000

Current Status of Vineyards - CLICK ON BLOCK TO EDIT

#	Block Number	Planting year	Cultivar / Rootstock	Planting Width (m)			Number Of Vines	Hectares	GPS	Irrigation System	Trellising System	Vines Uprooted			Vines Grafted			Vines Ammended			Single Vineyard	Status
				Between Rows	Wide	Narrow						Year	Number	Ha	Year	Number	Ha	Year	Number	Ha		
1	1	2003	Sauvignon Blanc/ Ramsey	2.70	0.00	2.00	4,241	2.29	N	Drip	Perold	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
2	2	2004	Sauvignon Blanc/ Ramsey	2.70	0.00	1.50	2,792	1.13	N	Drip	Perold	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
3	3	2005	Chenin Blanc/ Ramsey	2.80	0.00	1.50	5,503	2.31	N	Drip	Perold	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
4	4	1998	Chenin Blanc/ Ramsey	2.40	0.00	1.20	0	0.00	N	Drip	2H HEDGE	2020	5,085	1.46	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Uprooted
5	5	2011	Shiraz/ USVIT 8-7	2.50	0.00	1.50	7,470	2.80	N	Drip	3H HEDGE	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
6	5	2011	Shiraz/ RICHTER 99	2.50	0.00	1.50	2,667	1.00	N	Drip	3H HEDGE	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
7	6	2007	Colombac/ RICHTER 99	2.80	0.00	1.50	1,481	0.62	N	Drip	2H HEDGE	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
8	7	2012	Cabernet Sauvignon/ USVIT 8-7	2.50	0.00	1.50	6,307	2.37	N	Drip	3H HEDGE	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production
9	8	2014	Ruby Cabernet/ USVIT 8-7	2.50	0.00	1.50	5,946	2.23	N	Drip	2H HEDGE	0	0	0.00	0	0	0.00	0	0	0.00	-	Production

Farm Number: 3037000

Farm Name: Sonnekus

Page 1 of 2

#	Block Number	Planting year	Cultivar / Rootstock	Planting Width (m)			Number Of Vines	Hectares	GPS	Irrigation System	Trellising System	Vines Uprooted			Vines Grafted				Vines Ammended			Single Vineyard	Status
				Between Rows	In Row							Year	Number	Ha	Previous Cultivar	Number	Ha	Year	Number	Ha			
					Wide	Narrow																	
11	4	2020	Sauvignon Blanc/ Ramsey	2.50	0.00	1.00	5,850	1.46	N	Drip	2H HEDGE	0	0	0.00	0		0	0.00	250	0.06	-	New	
Total Hectares:								16.21															

40259



SERTIFIKAAT VAN INLYSTING

LAER OLIFANTSRIVIER WGV
PRIVAATSAK X1
VREDENDAL
8160
27/06/2025

Tel nr: (027) 2132043/4
Faks nr: (027) 2133519

Eienaar: NOLTE JE

Sked no	ID	Plaasnaam	Grondbeskrywing	Art 56/3	Grootte (ha)	Water lisensie (ha)	Inlysting (ha)
109	K25		PERSEEL 419 VAN OR NEDERSETTING 317	0.0000	9.8878	0.0000	7.7000
132	K25B		PERSEEL 78 VAN OR NEDERSETTING 317	0.0000	10.4334	0.0000	6.0000
Totaal				0.0000	20.3212	0.0000	13.7000

VEILINGSREËLS en VERKOOPSVOORWAARDES (LANDBOU GROND)
wat na ondertekening deur die Koper en Verkoper, 'n koopvooreenkoms daar sal stel

PLEK VAN VEILING: OP DIE PERSEEL
DATUM VAN VEILING: VRYDAG 29 MEI 2026
TYD: 11:00

HOME AND HECTARE (EDMS) BPK

Verteenwoordig deur: APPIE MARITZ
(die "AFSLAER")

behoorlik gemagtig deur en in opdrag van

JACOBUS EVERHARDUS NOLTE
Identiteitsnommer: 6512165125087
(die "VERKOPER")

Bied hiermee per openbare veiling die volgende onroerende **EIENDOM** te koop aan:

TITELAKTE OMSKRYWING:

ERF 78 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP. 10,4334 HA

ERF 419 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP. 9,8879 HA

ERF 801 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING, AFDELING VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP. 6,5266 HA

TOTALE GROOTTE: 26,8479 HA

tesame met alle bestaande verbeteringe daarop en die geheel van die boerdery bedrywighede wat daarop bedryf word (die "**EIENDOM**") onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. PROSEDURE VAN VEILING

- 1.1. Die reëls van hierdie veiling is ooreenkomstig met die bepaling van Art 45 en alle relevante regulasies tot die Verbruikers Beskermings Wet Nr 68 van 2008.
- 1.2. Wanneer bates in lotte te koop aangebied word op 'n veiling sal elke, lot tot die teendeel bewys word, geag word 'n aparte transaksie te wees.
- 1.3. Die eiendom hierbo beskryf word verkoop onderworpe aan 'n reserwe prys.
- 1.4. Registrasie om tydens die veiling te bie:
 - 1.4.1. 'n Persoon wat beoog om tydens die veiling te bie moet **voor die aanvang van die veiling** registreer deur sy/haar identiteit op die bidders staat te laat aanbring en sodanige registrasie moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (FICA), ten opsigte van die bevestiging en verifiëring van die identiteit van die persoon en die persoon moet die registrasie staat onderteken.
 - 1.4.2. 'n Persoon wat die veiling bywoon om **namens 'n ander persoon te bie (bv. namens 'n maatskappy)** moet 'n magtigingsbrief voorsien waarin hy/sy uitdruklik gemagtig word om namens daardie ander persoon te bie en daardie persoon en die persoon wat namens hom of haar bie moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 1.4.1 hierbo. Waar die prinsipaal 'n maatskappy is, sal die magtigingsbrief op 'n amptelike briefhoof van die maatskappy verskyn en dit moet vergesel word deur 'n gesertifiseerde afskrif van die resoluë wat hom/haar magtig om namens die maatskappy te bie. (Vir doeleindes van hierdie reël, sluit die verwysing na maatskappy ook 'n verwysing in na enige juridiese persoon, insluitend vennootskappe, trusts of regsliggame).

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

- 1.5. Hierdie veiling sal op die datum en tyd begin soos geadverteer of gepubliseer en sal nie uitgestel of later begin om enige lid of groep van die publiek in staat te stel om aan die veiling te mag deelneem nie.
- 1.6. Die kopersrol en die vendurol is beskikbaar vir geregistreerde **KOPERS** vir inspeksie deur middel van 'n skriftelike versoek en met goeie rede, gedurende besigheidsure by die besigheidspersele van die **AFSLAER**.
- 1.7. Alle gelde deur die **KOPER** betaalbaar in terme van hierdie reëls en voorwaardes ten behoeve van die **VERKOPER** sal in die **VERKOPER** se prokureur se trust rekening gedeponeer word of, alternatiewelik, in die genomineerde trust rekening van die **AFSLAER**.
- 1.8. Die **AFSLAER** sal die rede vir die veiling aankondig gedurende die veiling tensy die verkoop van die **EIENDOM** 'n normale en vrywillige verkoop deur die **VERKOPER** is.
- 1.9. Indien die **AFSLAER** bewus raak van enige fout op advertensie materiaal of enige ander publikasie of enige wysiging in hierdie veilingsreëls, sal die **AFSLAER** spesifiek die wysigings in die reëls uitwys sowel as die foute in die advertensie of publikasie.
- 1.10. Die totale koste van advertensie en die hou van die veiling word uiteengesit in die verkopersmandaat.
- 1.11. Elke voornemende **KOPER** moet die veilings reëls lees en moet nie bly op die **EIENDOM** nie tensy hy of sy dit gedoen het. Sou 'n voornemende **KOPER** wat op die kopersrol geregistreer het bly op die veiling sal dit geag word dat die **KOPER** die veilingsreëls gelees het.
- 1.12. Elke bod sal 'n aanbod wees om die **EIENDOM** te koop teen die bod prys op die terme en voorwaardes hierin vervat en sal deur die **VERKOPER** of die **AFSLAER** na eie goeddunke aanvaar of verwerp kan word. Die **VERKOPER** mag die **EIENDOM** voor aanvaarding van die bod van die veiling onttrek.
- 1.13. Indien geen bod gelyk is aan die reserweprys of dit oorskry nie, mag die **EIENDOM** van die veiling onttrek word. Die **VERKOPER** mag die **AFSLAER** opdrag gee om enige laer bod te aanvaar.
- 1.14. In die geval van 'n geskil tussen die bidders sal die besluit van die **AFSLAER** finaal en bindend wees.
- 1.15. Die **AFSLAER** mag enige foute wat deur hom begaan word, regstel.
- 1.16. Geen bod mag onttrek word nadat die bod toegeslaan is totdat die bevestigingstydperk van die onroerende eiendom verstryk het nie. Gedurende hierdie tydperk sal die aanbod oop bly vir aanvaarding deur die **VERKOPER** of sy agent en indien die aanbod aanvaar word, sal die verkoop geag wees om 'n verkoop by wyse van veiling te wees vir doeleindes van die Wet.
- 1.17. Die hoogste bieder (die "**KOPER**") moet hierdie Verkoopsvoorwaardes onmiddellik onderteken sodra die bod toegeslaan is.

2. AANVAARDING EN BEVESTIGING

- 2.1. Die **KOPER** se aanbod is onherroeplik en sal oop bly vir aanvaarding deur die **VERKOPER** tot en met **12:00** op **5 JUNIE 2026**.
- 2.2. Die **KOPER** se aanbod sal geag aanvaar te wees slegs wanneer die **VERKOPER** of die **AFSLAER**, watter een ookal van toepassing mag wees, hierdie verkoopsvoorwaardes namens die **VERKOPER** onderteken het in die spasie daarvoor aan die einde van hierdie ooreenkoms en dit sal nie vereis word dat die **VERKOPER** die **KOPER** in kennis moet stel van die aanvaarding van sy aanbod voor die verstryking van die bevestigingstydperk nie.
- 2.3. Indien die **VERKOPER** die **KOPER** se aanbod verwerp sal die **AFSLAER** enige deposito en kommissie wat die **KOPER** betaal het, aan hom terugbetaal.
- 2.4. Indien hierdie verkoping die toestemming van enige statutêre owerheid of enige hof vereis, dan is hierdie verkoping onderhewig aan die verlening van sodanige toestemming.

3. KOOPPRYS

Die koopprys van die **EIENDOM**, plus Belasting op Toegevoegde Waarde ("BTW") indien van toepassing, moet as volg betaal word:

- 3.1 'n deposito van **5 % (VYF PERSENT)** van die koopprys deur die **KOPER** aan die **AFSLAER** sodra die bod toegeslaan is, welke deposito in 'n genomineerde trust rekening van die **AFSLAER** of die **VERKOPER** se prokureur betaal sal word. In die geval waar die deposito betaal word in 'n genomineerde Trust rekening van die **AFSLAER**, magtig die **KOPER** hiermee die **AFSLAER** om opdrag te gee dat die deposito bedrag aan die **VERKOPER** se prokureurs oorbetal word op aanvraag deur die **VERKOPER** se prokureur.
- 3.2 Die **KOPER** se handtekening hierop verleen toestemming en magtiging aan die **AFSLAER** en/of die **VERKOPER** se prokureur om die geld te belê wat ten opsigte van die koopprys betaal word in 'n rentedraende rekening tot en met registrasie van die **EIENDOM** in die **KOPER** se naam, waarna welke rente die **KOPER** sal toeval.
- 3.3 Die balans van die koopprys moet in kontant betaal en gewaarborg word ter bevrediging van die **VERKOPER** se prokureurs deur middel van 'n skriftelike waarborg van 'n geregistreerde finansiële instelling, betaalbaar sonder enige heffing teen registrasie van die oordrag van die **EIENDOM** in naam van die **KOPER**. Sodanige waarborg moet aan die **VERKOPER** se prokureur gelewer word binne **45 (vyf-en-veertig)** dae na skriftelike versoek daarvoor deur die **VERKOPER** of die **VERKOPER** se prokureurs.

4. BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE/HEREREGTE

In die geval waar die eiendom verkoop word as 'n lopende saak, kom die party soos volg ooreen:

- 4.1 Die koopprys sluit BTW in teen die nulloers.
- 4.2 Dit is die bedoeling van die partye dat hierdie transaksie teen die nulloers BTW sal plaasvind in terme van artikel 11 (1) (e) van die BTW Wet (die "Wet").
- 4.3 Dit word aangeteken dat:
 - 4.3.1 die eiendom 'n besigheid is soos gedefinieer in die Wet en word verkoop as 'n lopende saak wat op die datum van lewering 'n inkomste produserende entiteit sal wees wat in staat is om onafhanklik te funksioneer, en die verkoop van die eiendom sal teen nulloers BTW plaasvind in terme van artikel 11 (1) (e) van die Wet;
 - 4.3.2 Die bates en alle ander komponente van die besigheid wat noodsaaklik is vir die voortsetting van die onderneming word hiermee aan die **KOPER** verkoop.
- 4.4 Die **KOPER** en die **VERKOPER** onderskeidelik onderneem dat hulle met effek vanaf die datum van registrasie van hierdie transaksie in die aktekantoor, handelaars sal wees soos bedoel in terme van die Wet.
- 4.5 Waar die **KOPER** nie geregistreer is nie of die Ontvanger van Inkomste weens enige rede sou weier om aan hierdie transaksie 'n nulloers toe te ken, sal die **KOPER** verantwoordelik wees vir betaling van BTW teen die standaard koers op die koopprys en die BTW sal deur die **KOPER** betaal word en sal verseker word soos voorsien in klousule 3.3 hierbo.
- 4.6 In geval waar BTW betaalbaar is op die koopprys as gevolg van die verkoping, moet die **KOPER** sodanige BTW addisioneel tot die koopprys onmiddellik op aanvraag aan die **VERKOPER** se prokureurs betaal.
- 4.7 In die geval waar die **VERKOPER** nie op datum van registrasie van hierdie transaksie in die aktekantoor as handelaar geregistreer is in terme van die Wet nie, sal die **KOPER** verplig wees om hereregte op die koopprys te betaal.
- 4.8 Die Hereregte sal onmiddellik betaalbaar wees op aanvraag daarvoor deur die **VERKOPER** se prokureurs.

5. AFSLAERSKOMMISSIE

- 5.1. Behalwe die koopprys, is die **KOPER** aanspreeklik vir betaling van die **AFSLAER** se kommissie teen 'n koers van **7 % (SEWE PERSENT)** plus BTW teen die heersende koers en sal aan die **AFSLAER** betaal word.

Bankbesonderhede: HOME AND HECTARE; ABSA - Takkode: 632 005; Rekeningnr: 4053123792

- 5.2. Hierdie kommissie sal geag verdien te wees en is betaalbaar sodra die **VERKOPER** hierdie ooreenkoms onderteken ter aanvaarding van die **KOPER** se aanbod.
- 5.3. Die **KOPER** sal die volle afslaterskommissie in die **AFSLAER** se genomineerde trust rekening betaal onmiddellik met die val van die hamer, maar hierdie bedrag en enige rente verdien daarop sal die eiendom van die **KOPER** bly en sal in trust gehou word deur die **AFSLAER** of die **VERKOPER** se prokureur tot en met aanvaarding van die **KOPER** se aanbod deur die **VERKOPER** of totdat die **VERKOPER** die **KOPER** se aanbod verwerp of totdat die bevestigings periode soos uiteengesit in klousule 2.1 verstryk.
- 5.4. Waar die **VERKOPER** die aanbod van die **KOPER** aanvaar, magtig die **KOPER** hiermee die **AFSLAER** en/of die **VERKOPER** se prokureur om onmiddellik die kommissie verdien, plus BTW, uit die trust rekening te onttrek en aan die **AFSLAER** oor te betaal.
- 5.5. Indien die **VERKOPER** en die **KOPER** versuim om hulle verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms na te kom, sal die **AFSLAER** die reg hê om sodanige kommissie te verhaal van die party wat kontrakbreuk gepleeg het. Dit word op rekord geplaas dat indien hierdie transaksie gekanselleer word met wedersydse toestemming die **AFSLAER** geregtig sal wees op die kommissie ingevolge hierdie ooreenkoms, welke kommissie betaalbaar sal wees deur die **VERKOPER** en die **KOPER** gesamentlik en afsonderlik.
- 5.6. Klousule 5 is ingevoeg en bedoel tot voordeel van die **AFSLAER** wat met ondertekening hiervan sodanige voordeel aanvaar.

6. OKKUPASIE, BESIT EN RISIKO

- 6.1. Okkupasie, besit en risiko sal na die **KOPER** oorgaan op datum van registrasie van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**.
- 6.2. Indien die **KOPER** voor registrasie van oordrag okkupasie neem van die **EIENDOM** sal die **KOPER** verplig wees om okkupasie huur aan die **VERKOPER** te betaal, soos wedersyds ooreengekom deur alle partye, welke bedrag maandeliks vooruitbetaalbaar sal wees op die 1ste (eerste) dag van elke maand vanaf die datum van okkupasie tot datum van registrasie van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**, beide dae ingesluit, betaalbaar direk aan die **VERKOPER** se prokureurs (verminder *pro rata* vir enige periode korter as 'n maand).
- 6.3. In die geval van okkupasie voor registrasie, sal die **EIENDOM**, met geboue en verbeterings vir die algehele risiko van die **KOPER** wees.

- 6.4. Vanaf datum van okkupasie sal die **KOPER** verplig wees om alle verbeterings op die **EIENDOM** op sy onkoste omvattend te verseker en sodanige versekeringspolis aan die **VERKOPER** as meegaande sekuriteit te sêdeer totdat die **EIENDOM** in sy naam registreer is.

7. HEFFINGS EN BELASTING

- 7.1 Die **VERKOPER** is aanspreeklik vir alle belasting en ander munisipale heffings wat verband hou met die **EIENDOM** vir die tydperk tot onmiddellik voor die datum van besit en die **KOPER** is aanspreeklik vir alle belasting en enige ander munisipale heffings wat daarna gehef word.
- 7.2 Die **KOPER** moet 'n *pro rata* gedeelte van alle belasting en heffings aan die **VERKOPER** terugbetaal vir dienste wat deur die **VERKOPER** vooruit betaal is ten opsigte van die tydperk ná die datum van besitneming en hierdie bedrag is betaalbaar teen registrasie van die oordrag.

8. VERKOPER SE VERBLYF STATUS EN DIE WEERHOUDING VAN BELASTING

- 8.1. Die **VERKOPER**, die **AFSLAER** en die **KOPER** is bewus van die **KOPER** se verpligting om 'n gedeelte van die koopprijs van die **VERKOPER** te weerhou indien die **VERKOPER** nie 'n Suid-Afrikaanse inwoner is nie en om die bedrag aan die Ontvanger van Inkomste te betaal volgens Artikel 53A van die Inkomstebelastingwet, (hierin na verwys as die "Wet").
- 8.2. Indien die **VERKOPER** volgens 'n deskundige interpretasie van die Belastingwet vir belastingdoeleindes nie as 'n inwoner beskou kan word nie;
- 8.1.1 Gee die **KOPER** met die registrasie van oordrag, onherroepelik opdrag aan die **VERKOPER** se prokureur om die voorgeskrewe persentasie van die koopprijs te weerhou en om daardie bedrag binne 14 dae aan die Ontvanger van Inkomste te betaal.
- 8.1.2 Die **VERKOPER** sal die reg hê om bevestiging van die Ontvanger van Inkomste te verkry vir die nie-weerhouding of 'n verminderde weerhouding van belasting. Hierdie bevestiging sal binne 21 dae ná die aanvaarding van hierdie ooreenkoms aan die aktebesorger gelewer word, en indien nie, sal die **VERKOPER** aan die persentasie-weerhoudingsbelasting soos in die Wet uiteengesit onderworpe wees.

9. OORDRAG EN OORDRAGKOSTE

- 9.1. Oordrag sal nie plaasvind in die naam van die **KOPER** nie, niteenstaande enige iets tot die teendeel hierin vervat, tensy die volle koopsom en alle ander bedrae waarvoor die **KOPER** in terme hiervan aanspreeklik is, insluitend afslaerskommissie, betaal is en/of betaling daarvan verseker is soos hierin bepaal.
- 9.2. Oordrag van die **EIENDOM** sal deur die **VERKOPER** se prokureurs gegee word, so gou as moontlik na die aanvaardingsdatum, onderhewig daaraan dat die **KOPER** voldoen het aan die bepaling van die sub-klousule hierbo.
- 9.3. Oordrag van die **EIENDOM** sal deur die **VERKOPER** se prokureurs behartig word en alle uitgawes daarvan of insidenteel tot die voorbereiding en registrasie van oordrag, die oordrag fooie, uitgawes en BTW (indien van toepassing) ten opsigte van die oordrag sal deur die **KOPER** betaal word, wat sal insluit uitgawes en regskostes insidenteel tot die voorbereiding en registrasie van enige verbandlening aan 'n finansiële instelling wat die finansiering goedkeur.
- 9.4. Registrasie van die oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** sal hanteer word deur die volgende prokureurs firma:
-

10. BESTAANDE HUURKONTRAKTE

- 10.1 In die geval dat die **EIENDOM** tans verhuur word, is die verkoop onderhewig aan alle bestaande huurkontrakte en onversteurde besit word nie verleen of gewaarborg nie.
- 10.2 Die **KOPER** is gebonde aan sodanige bepalings en voorwaardes van alle reeds bestaande huurooreenkomste waarvan hy erken hy ten volle bewus is, alternatiewelik verkies hy om dit te aanvaar en om daarby te berus.
- 10.3 Die **KOPER** is bewus van die bepalings van:
- 10.3.1 die "*Restitution of Land Rights Act. 22 of 1994*";
- 10.3.2 die "*Land Reform (Labour Tenants) Act of 1996*";
- 10.3.3 die "*Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997*" (ESTA)

wat die regte ten opsigte van besit en okkupasie van grond deur enige derde party reguleer en / of verseker. Behalwe soos hierin uiteengesit verleen die **VERKOPER** nie enige waarborg of maak hy geen voorstellings, uitdruklik of stilswyend, aan die **KOPER** ten opsigte van die regte van enige okkupeerder of potensiële okkupeerder of enige derde party in terme van die bogenoemde Wette en meer spesifiek, dat sodanige regte nie bestaan nie. Die **KOPER** vrywaar die **VERKOPER** teen enige eis of aksie wat deur enige okkupeerder ingestel mag word ten opsigte van die **EIENDOM**.

11. HERSTELWERK EN VERBETERINGE

- 11.1 Voor registrasie van oordrag is die **KOPER** nie by magte om enige veranderinge aan die **EIENDOM** aan te bring, sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die **VERKOPER** nie.
- 11.2 Die **VERKOPER** is nie verplig om die **KOPER** te vergoed vir enige gemagtigde verandering wat aangebring is nie in geval waar die verkoping gekanselleer word.
- 11.3 Die **KOPER** is aanspreeklik vir enige skade wat die **VERKOPER** gely het as gevolg van enige veranderinge deur die **KOPER** aangebring en wat nie deur die **VERKOPER** gemagtig is nie.

12. VOETSTOOTS, GROOTTE EN VOORSTELLINGS

- 12.1 Die **EIENDOM** word “voetstoots” verkoop en is onderhewig aan die bepalings en voorwaardes en serwitute genoem of waarna verwys is in die huidige en/of voormalige titellaktes en die voorwaardes van vestiging van die dorp waarin dit geleë is en die sonering van toepassing op die Stadsbeplanningskema. Die **EIENDOM** word verkoop ten opsigte van grootte soos dit nou bestaan. Die **VERKOPER** sal nie baat as gevolg van enige oorskot nie en sal nie aanspreeklik wees vir enige tekort aan die grootte van die **EIENDOM** nie. Nie die **VERKOPER** of die **AFSLAER** is aanspreeklik daarvoor om enige landmeterpenne of –bakens ten opsigte van die **EIENDOM** aan die **KOPER** uit te wys nie tensy spesifiek daartoe versoek deur die **KOPER** of tensy die **VERKOPER** en/of die **AFSLAER** kennis dra van enige wesenlike gebreke ten opsigte daarvan.
- 12.2 Die **KOPER** bevestig dat hy voldoende geleentheid gebied is om die **EIENDOM** en enige tersaaklike inligting te ondersoek en inspekteer voor die aanvang van hierdie veiling en nie ooreed is om hierdie ooreenkoms aan te gaan as gevolg van enige uitdruklike of geïmpliseerde inligting, verklaring, advertensie oor voorstelling deur die **AFSLAER** of enige ander persoon of deur of namens die **VERKOPER** wat nie in hierdie dokument vervat is nie.
- 12.3 Die **KOPER** is bewus van die inhoud van Skedule 1 wat spesifieke inligting ten opsigte van die **EIENDOM** vervat en wat voor aanvang van die veiling deur die **AFSLAER** uitgelees is.

13. KONTRAKBREUK

- 13.1 Indien enige van die partye versuim om die voorwaardes vervat in hierdie ooreenkoms behoorlik en stiptelik na te kom, sal die **benadeelde party** daarop geregtig wees om 7 dae kennis aan die **skuldige party** te gee om sy of haar versuim aan te suiwer of reg te stel (tensy die versuim plaasvind nadat die oordrag dokumente reeds ingedien is by die Aktekantoor vir registrasie, in welke geval die 7 dae periode ter keuse van die benadeelde party verminder mag word tot 48 (aght en veertig) uur. Indien die skuldige party versuim om te voldoen aan sodanige kennisgewing dan sal die benadeelde party geregtig wees maar nie verplig nie, sonder benadeling van enige ander regte wat hy of sy regtens mag hê, insluitende die reg om skade te eis, om:
 - 13.1.1 Die kontrak te kanselleer en teen kansellasië: -
 - 13.1.1.1 Indien die skuldige party die **KOPER** is sal die **VERKOPER** geregtig wees om alle geld wat deur die **KOPER** betaal is, uitgesluit die **AFSLAERSKOMMISSIE**, as rouwkoop of as 'n werklike vooraf bepaling van skade vir die **VERKOPER** te behou en verder sal die **KOPER** nie geregtig wees op enige vergoeding vanaf die **VERKOPER** ten opsigte van enige verbetering van enige aard wat dit aan die **EIENDOM** aangebring het nie, selfs al het dit plaasgevind met die **VERKOPER** se toestemming. Die **KOPER** en die **VERKOPER** kom spesifiek ooreen dat die **AFSLAER** geregtig sal wees, maar nie verplig nie, om die **EIENDOM** onmiddellik weer op veiling te koop aan te bied; en
 - 13.1.1.2 As die skuldige party die **VERKOPER** is sal die **KOPER** geregtig wees op die volle terugbetaling van alle gelde wat in terme hiervan aan die **VERKOPER** en die **AFSLAER** betaal is en om enige ander skade van die **VERKOPER** te eis wat dit mag ly as gevolg van die **VERKOPER** se versuim; **OF**
 - 13.1.2 Om spesifieke nakoming te eis en / of betaling van alle gelde wat deur die skuldige party in terme hiervan verskuldig is.
- 13.2 Met kansellasië van hierdie ooreenkoms vir watter rede ookal onderneem die **KOPER** hiermee om onmiddellik die **EIENDOM** te ontruim en dat hy sal toesien dat die **EIENDOM** ontruim word deur enige persone wat dit okkupeer deur middel van die **KOPER** se titel of met sy / haar toestemming. Okkupasie sal aan die **VERKOPER** terugbesorg word in dieselfde goeie toestand as wat dit was op die datum van okkupasie deur die **KOPER**.
- 13.3 Okkupasie van die **EIENDOM** deur die **KOPER** of deur persone met toestemming verleen deur die **KOPER** sal nie enige reg op okkupasie of verblyf skep in terme van enige statutêre bepaling of die gemeenereg nie.
- 13.4 Nieteenstaande enigeiets hierin vervat, indien die **KOPER** enige bedrag betaal in terme hiervan, stem die partye in dat die **AFSLAER** geregtig sal wees om as 'n eerste trekking van sodanige bedrag die **waarde van afslaerskommissie en enige direkte kostes** te verhaal en om enige uitstaande bedrag daarop van die **KOPER** te vorder.

- 13.5 Dit word aangeteken dat enige aftrekking van afslaerskommissie deur die **AFSLAER** wat aan dit verskuldig is in terme van hierdie transaksie nie die **KOPER** vrystel van enige ander verpligtinge wat hy / sy mag hê in terme van hierdie veilingsreëls nie.

14. REGSKOSTE

Die skuldige party is aanspreeklik vir alle regskoste aangegaan deur die benadeelde party, die **AFSLAER** en sy agent / prokureur om die bepalings van hierdie ooreenkoms af te dwing op die skaal soos tussen prokureur en kliënt, insluitende invorderingskommissie.

15. ADRES / DOMICILIUM

Die **KOPER** en die **VERKOPER** kies hiermee hul onderskeie adresse / *domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes van hierdie ooreenkoms, insluitende kennisgewings en hofproses, die adres wat onder sy handtekening hieronder aangebring is. Enige kennisgewing wat per voorafbetaalde geregistreerde pos gestuur word sal beskou word as ontvang te wees op die vyfde dag nadat dit gepos is; enige kennisgewing wat per hand afgelewer word sal beskou word as ontvang te wees op die dag van aflewering; enige kennisgewing wat per telefaks of elektronies gestuur word deur middel van e-pos, sal beskou word as ontvang te wees op die eerste sakedag na die dag van versending. Enige kennisgewing sal skriftelik gegee word, wat enige e-pos of telefaks insluit.

16. GESAMENTLIKE EN AFSONDERLIKE AANSPREEKLIKHEID

Indien hierdie ooreenkoms met meer as een **KOPER** aangegaan word, sal die aanspreeklikheid van alle sodanige **KOPERS** teenoor die **VERKOPER** en die **AFSLAER** gesamentlik en afsonderlik *in solidum* wees.

17. INSOLVENSIE WET NO. 24 VAN 1936

Die partye kom ooreen dat die verkoop van die eiendom in terme hiervan nie geadverteer sal word deur die **VERKOPER** nie en dat die **VERKOPER** die **KOPER** hiermee vrywaar teen enige eise wat ingestel mag word en wat voortspruit uit die feit dat die verkoping nie geadverteer is nie. Die **VERKOPER** onderneem dat indien enige verrigtinge van enige aard waarna verwys word in Artikel 34 van die Insolvensie Wet No. 24 van 1936 ingestel word voor die datum van oordrag, sal die **VERKOPER** onmiddellik alle bedrae betaal wat deur dit verskuldig is aan die entiteit wat sodanige verrigtinge ingestel het. Die **VERKOPER** onderneem verder om die **KOPER** te vrywaar en skadeloos te stel teen enige verliese of skade wat die **KOPER** mag ly as gevolg van enige sodanige verrigtinge wat ingestel mag word.

18. WERKNEMERS KONTRAKTE

- 18.1. Die partye erken dat hulle bewus is van die inhoud en uitwerking van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge ("Labour Relations Act"), Wet 66 van 1995, en spesifiek die Wet se toepassing op hierdie koopkontrak.
- 18.2. Dit word aangeteken dat, in ooreenstemming met Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1995, die werknemerskontrakte van elkeen van die werknemers van die **VERKOPER** wat in diens geneem is ten opsigte van die **EIENDOM** op datum van oordrag sal aan die **KOPER** oorgedra word.
- 18.3. Die **VERKOPER** waarborg dat die lys van sodanige werknemers, hul vergoedingspakkette, opgehope verlof, jare diens en geskatte waarde van skeidingspakkette soos op datum van registrasie van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** volledig vervat is in Skedule 2.
- 18.4. Vir duidelikheid, waarborg die **VERKOPER** dat daar geen ander werknemers in diens sal wees op datum van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** anders as die gelys in Skedule 2 nie en vrywaar die **VERKOPER** die **KOPER** en hou dit skadeloos teen enige eise wat ingestel mag word teen die **KOPER** deur werknemers wat nie op Skedule 2 gelys is nie.
- 18.5. In die geval dat die **KOPER** binne 'n tydperk van 12 (twaalf) maande na die datum van registrasie van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** enige van die werknemers gelys in Skedule 2 ontslaan (alleenlik as gevolg van boerdery bedrywighede), sal die **VERKOPER** verantwoordelik wees teenoor die **KOPER** vir die volgende ten opsigte van hierdie skeidingspakkette:
 - 18.5.1. Enige opgehope verlof ten opsigte van die spesifieke werknemer bereken op die effektiewe datum van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**;
 - 18.5.2. Die waarde van die skeidingspakket van die spesifieke werknemer soos bereken op die effektiewe datum van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**.
- 18.6. Behalwe vir die inhoud van klousule 18.5, vrywaar die **KOPER** hiermee die **VERKOPER** en hou dit skadeloos teen enige eise wat ingestel mag word teen die **VERKOPER** deur enige van die werknemers wat aan die **KOPER** oorgedra word in terme van klousule 18.2, of andersins, en wat voortspruit uit die aflegging van enige van die werknemers na die datum van oordrag of wat voortspruit uit die versuim deur die **KOPER** om aan sy verpligtinge te voldoen in verband met die bepalings en voorwaardes van indiensneming van die genoemde werknemers.
- 18.7. Nieteenstaande enigeiets tot die teendeel sal die **KOPER** nie geregtig wees om die dienskontrak van enige werknemer te beëindig voor die datum van registrasie van oordrag van die **EIENDOM** nie.

- 18.8. Die **VERKOPER** aanvaar verantwoordelikheid om die inhoud van klousule 18 aan die werknemers te openbaar wat deur hierdie transaksie beïnvloed sal word en om die implikasies daarvan aan sodanige werknemers te verduidelik.

19. **ARTIKEL 112 VAN DIE MAATSKAPPYWET**

- 19.1. Die **KOPER** en die **VERKOPER** is bewus van die bepalings van Artikel 112 van die Maatskappywet 71 van 2008 ("Artikel 112"), wat stipuleer dat indien die **VERKOPER** 'n maatskappy is en indien die **EIENDOM** óf die geheel óf die grootste gedeelte van die **VERKOPER** se onderneming is, óf die geheel óf die grootste gedeelte van die **VERKOPER** se bates uitmaak, die direkteure van die **VERKOPER** nie gemagtig sal wees om die eiendom te verkoop nie, behalwe ingevolge 'n spesiale resoluëie deur die lede van die **VERKOPER**.
- 19.2. In die geval waar Artikel 112 wel van toepassing is, waarborg die **VERKOPER** dat die bepalings van Artikel 112 nagekom is en sal 'n resoluëie geneem deur die direkteure van die maatskappy binne 30 (dertig) dae vanaf datum van die **VERKOPER** se aanvaarding van die **KOPER** se aanbod aan die **VERKOPER** se prokureur voorsien word.

20. **MAATSKAPPY OM GESTIG TE WORD**

- 20.1 In die geval waar die **KOPER** hierdie ooreenkoms onderteken in sy hoedanigheid as agent vir 'n maatskappy wat nog gestig moet word en die **KOPER** versuim om binne 20 (twintig) dae vanaf die datum van aanvaarding en bevestiging van hierdie ooreenkoms, sodanige maatskappy te registreer met een van die doelstellings as synde bekragtiging en aanvaarding van hierdie ooreenkoms, of indien sodanige maatskappy versuim om hierdie ooreenkoms binne 15 (vyftien) dae na die datum van sy inlywing te bekragtig of aan te neem, dan sal onder sodanige omstandighede die **KOPER** beskou word as synde hierdie ooreenkoms in sy persoonlike hoedanigheid aan te gegaan het met al die regte en verpligtinge van die **KOPER** ingevolge hierdie ooreenkoms.
- 20.2 In die geval waar sodanige maatskappy geregistreer word en hierdie ooreenkoms na behore bekragtig of aangeneem of die benoëming teweë gebring is, dan verbind die **KOPER** deur middel van sy handtekening hieronder homself tot die **VERKOPER** as borg en medehoofskuldenaar *in solidum* met sodanige maatskappy vir die behoorlike nakom as die **KOPER**, van die bepalings, voorwaardes en verpligtinge wat uit hierdie ooreenkoms spruit.

21. **MAATSKAPPYE, BESLOTE KORPORASIES OF TRUSTS**

- 21.1 Indien die **KOPER** 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is verbind die persoon wat hierdie ooreenkoms onderteken namens die **KOPER** hom- of haarself as borg en medehoofskuldenaar met die **KOPER** vir die behoorlike uitvoering van al die verpligtinge wat uit hierdie ooreenkoms spruit.
- 21.2 Enige persoon wat hierdie dokument onderteken namens 'n ander persoon, insluitend 'n maatskappy, beslote korporasie, vereniging of trust, sal persoonlik aanspreeklik wees vir die behoorlike nakoming van alle verpligtinge van die **KOPER** in terme van die veiligheidsreëls en daardie individu sal geag word om die **KOPER** te wees waar sodanige ander persoon nie tydens ondertekening hiervan deur daardie persoon bestaan nie. Hierdie bepaling is nie van toepassing op gevalle beoog in paragraaf 20 nie.

22. **SERTIFIKAAT VAN VOLDOENING VIR ELEKTRIESE INSTALLASIES**

- 22.1 Die **VERKOPER** onderneem om aan die **VERKOPER** se prokureurs, voor registrasie van oordrag of okkupasie, watter ookal eerste plaasvind, 'n sertifikaat van voldoening vir elektriese installasies ten opsigte van die **EIENDOM** te voorsien in terme van die Elektriese Installasie Regulasies van 2009 in terme van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Wet No. 85 van 1993, soos gewysig). Alle kostes verbonde aan sodanige sertifikaat, insluitende kostes vir herstelwerk of vervangings vereis ten einde die sertifikaat te bekom, sal deur die **VERKOPER** gedra word.
- 22.1.1 Teen die voorsiening van die sertifikaat aan die **VERKOPER** se prokureurs, sal die **KOPER** geen verdere eise hoëgenaamd teen die **VERKOPER** hê ten opsigte van elektriese installasies en geen verdere aanspreeklikheid in hierdie verband sal verder op die **VERKOPER** rus nie.
- 22.2 Die **VERKOPER** onderneem dat, op datum van okkupasie of oordrag, wat ook al eerste plaasvind, na uitreiking van sodanige sertifikaat geen toevoëging of wysiging aan die elektriese installasies op die eiendom aangebring sal wees nie. Indien daar wel enige wysiging of toevoëging was, sal die **VERKOPER** 'n verdere nakomingsertifikaat ten opsigte daarvan bekom en voorsien.
- 22.3 In die geval waar 'n elektriese heining op die eiendom geïnstalleer is, sal die **VERKOPER**, in ooreenstemming met artikel 12 (2) van die Regulasies op Elektriese Masjinerie 2011, aan die **KOPER** 'n bykomende Voldoende Sertifikaat, uitgereik deur 'n geakkrediteerde gesag, wat die nakoming van die elektriese heining installasie met SANS 60335-2-76 bevestig voorsien.

23. **VERVREEMDE EN INDRINGER SPESIE REGULASIES**

Die **VERKOPER** erken hiermee sy verpligting om skriftelik aan die **KOPER** te bevestig dat daar geen indringer spesies soos aangedui in Hoofstuk 2 van die Vreemde en Indringer Spesie Regulasies 2014 op die **EIENDOM** teenwoordig is en bevestig hiermee dat geen sodanige indringer spesies teenwoordig is op die **EIENDOM** nie, of alternatiewelik dat 'n lys van die indringer spesies skriftelik aan die **KOPER** beskikbaar gemaak sal word voor registrasie van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**.

24. **JURISDIKSIE VAN DIE LANDDROSHOF**

Die partye hierby betrokke stem in tot die jurisdiksie van die Landdroshof ingevolge Artikel 28 van die Landdroshofwet van 1944 soos gewysig. Nieteenstaande voorgenoemde sal dit nie een van die partye verhinder om die Hooggeregshof van Suid-Afrika te nader vir enige regshulp wat nodig mag wees nie.

25. **INTERPRETASIE**

In hierdie ooreenkoms sluit woorde met 'n enkelvoudige strekking die meervoud in en vice versa, woorde met die strekking van die manlike geslag sluit ook die vroulike geslag in en sal woorde met die strekking van 'n natuurlike persoon ook 'n liggaam met regsbevoegdheid insluit.

26. **ALGEMENE KLOUSULES**

26.1 Hierdie veilingsreëls en verkoopsvoorwaardes bevat die hele ooreenkoms tussen die partye in verband met die onderwerp hiervan en geen ooreenkoms, voorstelling of waarborg tussen die partye, behalwe dié wat hierin uiteengesit word, is bindend op die partye nie.

26.2 Geen verlenging van tyd, afstanddoening, toeweging of opskorting van enige van die bepalings van hierdie ooreenkoms wat enige van die partye hierby betrokke verleen het, sal bindend wees nie tensy op skrif gestel en deur beide partye onderteken nie.

26.3 Geen wysiging of verandering aan of kansellasië van hierdie verkoopsvoorwaardes of van enige van die bepalings hiervan sal van enige krag of effek wees nie, tensy op skrif gestel en deur beide partye tot die ooreenkoms onderteken nie.

26.4 Woorde wat enkelvoudig gestel word sal die meervoud insluit en omgekeerd, en woorde met 'n manlike betekenis sal die vroulike insluit en woorde wat op persone dui sal vennootskappe en korporatiewe liggame insluit en omgekeerd.

26.5 Die partye wat hierdie dokument onderteken bevestig dat hulle al die bepalinge en voorwaardes hierin vervat gelees en begryp het en stem daartoe in dat hulle daaraan verbind word.

26.6 Die **VERKOPER** en die **KOPER** waarborg dat hy na behore gemagtig is om aanvaarding van die Koopakte te onderteken.

ADDISIONELE VOORWAARDES

POPIA

Die Verkoper/s en die Koper/s gee hiermee toestemming aan **HOME AND HECTARE** wat betrokke is by die verkoop, en aan die Akteprokureurs wat die oordrag van die eiendom sal registreer, om ons persoonlike inligting te verwerk vir alle doeleindes wat verband hou met hierdie verkoop, ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

Hiermee verleen ons toestemming om toekomstige eiendoms-verwante bemaking van Home & Hectare te ontvang:

VERKOPER	JA	NEE	PARAFEER:
KOPER	JA	NEE	PARAFEER:

DIE EIENDOM IS PER OPENBARE VEILING TE KOOP AANGEBIED OP DIE

DAG VAN _____ **20** _____

En verkoop per stygende prys vir die bedrag van

R _____

(woorde) _____

(PLUS BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE INDIEN VAN TOEPASSING)

AAN:

MAATSKAPPY/ BESLOTE KORPORASIE/ TRUST/ ANDER

die "KOPER") (vervolgens na verwys as

ENTITEIT REGISTRASIE NO.: _____

ENTITEIT ADRES: _____

KONTAKBESONDERHEDE: (Landlyn) _____
(Epos) _____
(Sel) _____

AAN:
MNR/MEV/MEJ _____
(vervolgens na verwys as die "KOPER")

IDENTITEITS NO.: _____

ADRES: _____

KONTAKBESONDERHEDE: (Landlyn) _____
(Epos) _____
(Sel) _____

HUWELIKSTATUS: _____ (Binne / Buite Gemeenskap van goedere)

NAAM VAN EGGENOOT: _____

ID NO VAN EGGENOOT: _____

EK, DIE KOPER, BEVESTIG HIERMEE DAT DIE VOLLE OMVANG VAN MY VERPLIGTINGE EN REGTE HIERIN AAN MY VERDUIDELIK IS EN DAT VOLDOENDE GELEENTHEID AAN MY GEBIED IS OM NOODSAAKLIKE NAVRAE TE DOEN TEN OPSIGTE VAN DIE EIENDOM EN ALLE WESENLIKE ASPEKTE DAARVAN EN DIE VERKOOP DAARVAN EN DAT EK DIE UITWERKING VAN HIERDIE OOREENKOMS VERSTAAN.

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

KOPER (waar van toepassing verbind die ondertekenaar homself tot borg en medehoofskuldenaar in solidum)

2. _____

HOME AND HECTARE (EDMS) BPK
behoorlik gemagtig

AANVAARDING EN BEVESTIGING

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

VERKOPER (waar van toepassing is die VERKOPER na behore
gemagtig)

2. _____

VERKOPER SE ADRES:

Ek verklaar hiermee dat die veiling reëls na die beste van my wete voldoen aan die vereistes van Regulasie 21

AFSLAER

AFSLAER VOLLE NAAM/NAME: _____

ADRES: _____

KONTAK NOMMER: _____

SKEDULE 1

SPEZIALE VOORWAARDES

Die verkoop van hierdie eiendom is onderworpe aan die volgende spesiale voorwaardes:

	JA	NEE
1.1 Vruggebruik		X
1.2 Serwitute	X	
1.3 Waterregte	X	
1.4 Lopende Saak	X	
1.5 Huurooreenkomste		X

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

KOPER

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERKOPER

SKEDULE 2

Naam van Werknemer	Identiteitsnommer	Posbeskrywing	Basiese Salaris

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

KOPER

GETEKEN TE _____ OP DIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERKOPER

SKEDULE 3

Die volgende items bly op die eiendom en is ingesluit in die verkoop:

Alle boerderytoerusting – geskatte waarde R1.6 miljoen (nie vervangingswaarde nie):

Landini Trekker Rex85F

Fiat Trekker met aangehegte topper

Kubota ATV RTVX1140

Mini Baler OsamRB850

Ideal Spuitpomp 1000lt

Slasher Ploebak 1.8m

Kunsmisstrooier OsamFS500

Lusem Snyer Orbach

Lusem Hark

Kompressor

2 x Spaar PTO's

Skyf BPI

Meganiese Onkruidmasjien (Clemens) met rippertande

Onkruidspuit BPI 600lt met 12m boom

Grupp BPI

Kunsmistoediener

Venter Sleepwa – ongebruik

2 x Druiwewaens

1 x 1000lt mobiele watertenk met Honda motorpomp

Vullissleepwa

+/-100 plastiek vrugtekratte

Werkswinkel:

Alle gereedskap (behalwe elektriese gereedskap, sweismasjien en muur-gemonteerde gereedskapkas)

Verskeie pypverbindinge, krane en onderdele

1 x Felco Batteryapak snoeier

Dieselstoor:

2000lt dieseltank met elektriese digitale pomp

2 x Bossnyer

2 x Rugsakspuite

Verskeidenheid van onkruidodders/plaemiddels

Olie

Motorhuis:

1 x Vrieskas

Verskeie verf en kwaste

Rakke

Groentebokse

Pypstoor:

Verskeie pype

Verskeie besproeiingstoerusting

Verf

Draad

Teëls

Wasgoedkamer:

Wasmasjien

Tumble Dryer

Braaikamer/Binnenshuise Patio:

Gordyne
2 x TV's
Sleeperhout Eetkamertafel en Sideboard
Houtstoof Jotul 3
Houtvat

Kombuis:

Skottelgoedwasser
Yskas/Vrieskas
Smeg Gasoon
TV

Hoofslaapkamer:

King Size Bed
TV

Slaapkamer 2:

Queen Size Bed

Slaapkamer 3:

2 x $\frac{3}{4}$ beddens
1 x Bedkassie

Tuin Skuur:

Alle grawe, vurke en handboerderygereedskap
Petrol grassnyer
Verskeie potte en plante

Gastekothuis:

1 x Dubbelbed en beddegoed
2 x $\frac{3}{4}$ beddens en beddegoed
Yskas/Vrieskas
Stoof/Oond
Mikrogolf
Eetgerei
Breekware

Huurkothuis:

Yskas/Vrieskas
Mikrogolf
Eetgerei
Breekware
Dubbelbed en beddegoed
Bedkassies
Kiaat 3-stuk Sitkamerstel
Handdoeke

Ook ingesluit:

Alle gordyne en voilegordyne

BORGAKTE

Ek/ons die ondergetekende(s),

ID NOMMER: _____

verbind hiermee myself / onself as borg en medehoofskuldenaar/s in solidium vir en namens die **KOPER** tot en ten gunste van die **VERKOPER** en die **AFSLAER** in verband met alle verpligtinge van die **KOPER** onder voorgaande verkoopsvoorwaardes en in besonder vir alle bedrae geld wat verskuldig mag wees, insluitende skadevergoeding as gevolg van watter rede ook al en doen afstand van die voordele van verdeling en uitwinning. **Verder erken ek/ons dat ek/ons ten volle bewus is van al die bepalinge en voorwaardes van die verkoopsvoorwaardes soos voorgaande uiteengesit.** Ek/ons aanvaar *domicilium et executandi* by die adres wat hierna hierin vermeld word.

GETEKEN TE _____ OP DIE ____ DAG VAN _____ 20__

AS GETUIES:

1. _____

BORG

2. _____

HOME AND HECTARE (EDMS) BPK
behoorlik gemagtig

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE LEDE

VAN _____

GEHOU TE _____ OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. DIE BESLOTE KORPORASIE KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid as Lid hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

LID

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DIREKTEURE VAN

GEHOU TE _____

OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. Die MAATSKAPPY KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid
as Direkteur hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te
onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

DIREKTEUR

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE TRUSTEES VAN

GEHOU TE _____

OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. Die Trust KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid
as Trustee hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te
onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

TRUSTEE

JOOSTE & LEIDIG
2de VLOER, BLOK A
DE WAGENWEG KANTOORPARK
ADAM TASWEG
STELLENBOSCH

Opgestel deur my

Heidig
TRANSPORTBESORGER
HESWICK-ML
LEIDIG, N

FEE

R. 600,00

DATA / CAPTURE

13 OCT 2010

NCAPAI LINDA

T 053329 / 10

TRANSPORTAKTE

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

JACOBUS PETRUS VAN ZYL

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES te Kaapstad, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

PIET STEENKAMP AGENBAG
Identiteitsnommer 640203 5099 08 6
Getroud buite gemeenskap van goed

geteken te **KOEKENAAP** op **5 JUNIE 2010**

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal, op 17 Maart 2010, waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

JACOBUS EVERHARDUS NOLTE
Identiteitsnommer 651216 5125 08 7
Ongetroud

sy Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes in volkome en vrye eiendom,

1. **PERSEEL 78 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING**
IN DIE MUNISIPALITEIT MATZIKAMA
AFDELING VAN VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP

GROOT 10,4334 (TIEN KOMMA VIER DRIE DRIE VIER) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Sertifikaat van Geregistreeerde Titel Nr T5887/1953 met Kaart Nr 8438/1950 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nr T46317/1994

- A. **ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928.
- B. **ONDERHEWIG VERDER** aan die bepalings van Artikel 48 en Artikel 52 van die Nedersettingswet 1956 (Wet nr 21 van 1956) soos vervat in Skedule A tot Grondbrief Nr T127/1963 en wat soos volg lees:

EN NIE ONDERHEWIG aan voorwaardes B 48(1) en (2) (a) op bladsy 3 van Transportakte Nr T46317/1994 vanweë Artikel 53 van die Wysigingswet op die Registrasie van Myntitels Wet Nr 24 van 2003.

EN NIE ONDERHEWIG aan voorwaardes (3) en (4) (a) en (b) op bladsy 4 van Transportakte Nr T46317/1994 vanweë Artikel 53 van die Wysigingswet op die Registrasie van Myntitels Wet Nr 24 van 2003.

52. (1) Die Staatspresident kan te eniger tyd op die wyse en onder die voorwaardes wat hy goedvind:
 - (a) damme of reservoirs op 'n hoewe aanlê of die aanleg daarvan magtig;
 - (b) watervore, pyplyne, kanale en afvoerslote op, deur of onder 'n hoewe aanlê of die aanleg daarvan magtig, en water van of oor 'n hoewe ten voordele van die publiek of 'n eienaar of okkupeerder van naburige grond lei of toelaat dat dit gelei word.

- (c) met inagneming van enige toepaslike wetsbepalings, spoorlyne, paaie en telegraaf- en telefoonlyne op of oor 'n hoewe aanlê en eksploteer, of die aanleg en eksploteering daarvan magtig.

- (2) Enige materiaal wat vir die doeleindes van 'n sub-artikel (1) bedoelde werke nodig is, kan van die betrokke hoewe geneem word, en vergoeding is aan die betrokke huurder betaalbaar vir enige verlies deur hom gelyk as gevolg van die uitoefening van 'n deur daardie sub-artikel verleende bevoegdheid.

N.B. Die woord "huurder" beteken iemand aan wie kragtens hierdie Wet, 1956, 'n hoewe toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is en, behoudens die bepalinge van hierdie Wet, ook die kurator, by insolvensie van so iemand, of die regsvertegenwoordiger van so iemand wat oorlede is, of kranksinnig geword het of 'n wettige regsverkrygende of onderverhuurder van so 'n iemand. "Hoewe" beteken enige grond wat ingevolge hierdie Wet toegeken of verhuur is, en ook sodanige grond ten opsigte waarvan kragtens hierdie Wet die opsie om te koop uitgeoefen is of 'n grondbrief of transportakte uitgereik is; "minerale" sluit in mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteendes. (Sien Artikel 1 van die Nedersettingswet, 1956).

C. ONDERHEWIG VERDER aan die voorwaardes vervat in Skedule B tot Grondbrief Nr T127/1963, wat as volg lees:

- (1) Die voorwaarde dat die eienaar tesame met ander huurders en/of eienaars, wanneer deur die Minister van Lande verlang, aansoek moet doen om die instelling van 'n Komitee van Beheer ooreenkomstig artikel 78 van die Kroongrond Nedersettingswet 1956. Die eienaar moet hom onderwerp aan sodanige regulasies en reëls as wat met toestemming van die Minister van Lande, deur genoemde Komitee van tyd tot tyd opgestel mag word vir die kontrole en beheer van enige sake van gemeenskaplike belang. Tot tyd en wyl sodanige Komitee ingestel is, sal die bedoelde kontrole en beheer uitgeoefen word deur die Superintendent van die nedersetting of ander gemagtigde beampte wat die reg sal hê om hom op sodanige van die eienaars en/of huurders wat hy nodig mag ag te beroep om te help, hetsy by wyse van arbeid of kontant. Ingeval van enige verspoeling in enige voor, veroorsaak deur nalatigheid van die eienaar, sal sodanige skade deur die genoemde Beheerkomitee of by gebrek aan sodanige Komitee, deur die Superintendent van die nedersetting of ander gemagtigde beampte gewaardeer word. Die eienaar sal aanspreeklik wees vir sodanige skade.
- (2) Die voorwaarde dat die Staat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies wat die eienaar mag ly as gevolg van waterskaarste of enige beperking van water, of enige misoeste as 'n gevolg daarvan, of vir enige skade wat deur oorstroming, deursypeling of enige oorloop van water veroorsaak is nie.
- (3) Die voorwaarde dat die eienaar ingeval die hele of enige gedeelte van die hiermee toegekende grond gebruik word vir die weiding van vee van watter soort ook die grense daarvan asook die kante van alle besproeiingskanale, vore of affleivore wat daarvoor gaan, tot bevrediging van die Minister van Lande moet omhein.
- (4) Die voorwaarde dat die eienaar, tesame met ander huurders en/of eienaars, verantwoordelik is vir die onderhoud en instandhouding van alle weë oor die Nederzetting wat nie deur die Provinsiale Administrasie, die

Afdelingsraad of ander openbare liggaam geadministreer of beheer word nie. Die eienaar verbind hom uitdruklik om enige heffing of belasting wat opgelê mag word te betaal, of om enige arbeid te lewer wat deur enige Komitee van Beheer, wat ooreenkomstig Artikel 78 (1)(d) van die Nederzettingwet 1956, aangestel is of deur die Minister van Lande of 'n amptenaar wat op sy gesag handel, van hom geëis mag word in verband met sodanige weë.

(5) Die voorwaarde dat die hiermee toegekende grond onderworpe is aan al die servitute ten aansien van regte-van-weg, paaie, kanale en deurgange wat daarop is of bestaan of hulle op die kaart van die grond aangetoon word al dan nie, en sodanige regte-van-weg, paaie, kanale en deurgange moet vry en onbelemmerd bly tensy hulle op bevoegde gesag gesluit of verander word. Waar geen voorsiening vir 'n pad ten gunste van aangrensende of naburige persele gemaak is nie, moet 'n pad op alle tye oor die grond toegestaan word in 'n geskikte rigting na die naaste publieke pad, mits dit volgens oordeel van die Minister van Lande nodig is. Ingeval van verskil betreffende die rigting van sodanige pad, is die beslissing van die Minister van Lande finaal en bindend vir alle partye. Die grond geniet 'n dergelike reg oor die ander persele soos hierbo vermeld.

(6) Die voorwaarde dat die eienaar as 'n vergunning sodanige aantal en soort lewende hawe (wat sy bona fine eiendom is) as wat die Minister van Lande en/of die Beheerkomitee (ingestel ooreenkomstig die bepalings van Artikel 78 (1)(d) van die Nederzettingwet 1956) voorskryf, op die restant van die Olifantsriviernedersetting mag laat wei, behoudens sodanige voorwaardes as wat bepaal mag word.

D. ONDERHEWIG VERDER aan die endossement gedateer 26 Maart 1984 aangebring op Transportakte Nr T2612/1964, welke endossement soos volg lees:

Endossement kragtens Artikel 2(2)(A) van Wet 48/1961

Kragtens magtiging van die Minister van Gemeenskapsontwikkeling gedateer 12/5/82 mag die gemelde eiendomme synde

- (1) Perseel 419 Olifantsriviernedersetting, groot 9,8879 ha en
- (2) Ged 1 van Perseel 435 Olifantsriviernedersetting, groot 10,4334 ha (nou bekend as PERSEEL 78 Olifantsriviernedersetting, groot: 10,4334 hektaar)

en die eiendom gehou kragtens Grondbrief Nr T15618/1984 hede gedateer synde Perseel 801 Olifantsrivier Nedersetting groot 6,5266 ha nie afsonderlik van mekaar vervreem word nie sonder die voorafverkreë toestemming van die Minister van Gemeenskapsontwikkeling gedee of sodanige voorwaarde(s) as wat die Minister wenslik mag ag om te stel.

Vir verdere besonderhede sien Magtiging gebêre as BC 11176/1984. Welke endossement betrekking het op paragrawwe 1 tot 3 hiervan.

**2. PERSEEL 419 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING
IN DIE MUNISIPALITEIT MATZIKAMA
AFDELING VAN VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP**

GROOT 9,8879 (NEGE KOMMA AGT AGT SEWE NEGE) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Grondbrief Nr T127/1963 met Kaart Nr 2164/1944 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nr T46317/1994

- A. **ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928.
- B. **ONDERHEWIG VERDER** aan die voorwaardes vervat in Grondbrief Nr T127/1963 welke voorwaardes lees soos uiteengesit in paragraaf 1.B hierbo.
- C. **ONDERHEWIG VERDER** aan die voorwaardes vervat in Grondbrief Nr T127/1963, welke voorwaardes lees soos uiteengesit in paragraaf 1.C hierbo.
- D. **ONDERHEWIG VERDER** aan die endossement gedateer 26 Maart 1984 aangebring op Transportakte Nr T2612/1964, welke endossement lees soos uiteengesit in paragraaf 1.D hierbo.

3. **PERSEEL 801 OLIFANTSRIVIERNEDERSETTING
IN DIE MUNISIPALITEIT MATZIKAMA
AFDELING VAN VANRHYNSDORP, PROVINSIE WES-KAAP**

GROOT 6,5266 (SES KOMMA VYF TWEE SES SES) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Grondbrief Nr T15618/1984 met Kaart Nr L G 5736/1973 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nr T46317/1994

A. **ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928.

B. **GEREGTIG** op die bepalings van die endossement gedateer 3 Augustus 1946 op Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928, naamlik:

Kragtens Grondbrief Nr 79/1946 gedateer 12 Julie 1946 en geregistreer 3 Augustus 1946 is Perseel 159 Olifantsriviernedersetting daarby toegeken onderhewig aan 'n serwituut van reg van weg 5,67 meter wyd langs die grens van die genoemde Perseel gemerk BC op kaart 1940/1938 geheg aan genoemde Grondbrief ten gunste van die Restant van Perseel 317 Olifantsriviernedersetting (waarvan die gedeelte hierby toegeken 'n gedeelte uitmaak) hieronder gehou soos meer volledig sal blyk uit genoemde Grondbrief.

C. **ONDERHEWIG VERDER** aan die bepalings van die volgende endossement gedateer 21 November 1977 of Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928:

By Notarial Deed No K1047/1977S the property withinmentioned Remainder Lot 317 Olifantsriviernedersetting held hereunder is subject to a right in favour of the Electricity Supply Commission to convey ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear from reference to the said Notarial Deed.

D. **GEREGTIG** tot die bepalings van die volgende endossement gedateer 27 April 1983 op Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928 in die volgende terme:

Remainder

By Deed of Grant No 18672/1983 the remainder of the within property is entitled to a servitude road 7 metres wide over Perseel 880 thereby transferred the middle line depicted by the broken line m.n. on Diagram 1554/1981 thereto annexed as will more fully appear from said Deed of Grant.

E. **GEREGTIG** tot die bepalings van die volgende endossement gedateer 24 November 1983 op Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T2419/1928 wat soos volg lees:

Kragtens Grondbrief gedateer 27 September 1982 geregistreer hede onder Titel Nr T54083/1983 is die restant van Perseel 317 Olifantsriviernedersetting Geregtig op 'n serwituutpad 1,83 meter wyd oor Perseel 571 groot 4,9296 aangedui deur die lyn DE op Kaart LG4518/1963 daarby aangeheg. Soos meer volledig sal blyk uit genoemde Grondbrief.

F. **ONDERHEWIG VERDER** aan die volgende spesiale voorwaardes vervat in Grondbrief Nr T15618/1984, naamlik:

Hierdie toekenning geskied verder behoudens:

Nie onderhewig aan voorwaarde F.(a) op bladsy 10 van Transportakte Nr T46317/1994 vanweë Artikel 53 van die Wysigingswet op die Registrasie van Myntitels Wet Nr 24 van 2003.

(b) die voorwaarde dat –

(i) Perseel 801 gedeelte van Perseel 317 Olifantsriviernedersetting, Administratiewe Distrik Vanrhynsdorp, groot: 6,5266 hektaar toegeken kragtens hierdie grondbrief; en

(ii) Perseel 419 en gedeelte 1 van Perseel 435 albei Olifantsriviernedersetting, Afdeling Vanrhynsdorp, groot: 9,8879 hektaar en 10,4334 hektaar onderskeidelik gehou deur genoemde Theunis Johannes Francois Coetzee kragtens Transportakte Nr T2612/1964 gedateer 14 Februarie 1964 nie afsonderlik van mekaar vervreem mag word nie sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Minister van Gemeenskapsontwikkeling gegee op sodanige voorwaarde(s) as wat die Minister wenslik mag ag om te stel. Hierdie voorwaarde word in elke latere transport van die eiendom opgeneem; en

G. **NIE ONDERHEWIG** aan voorwaarde G op bladsy 11 van Transportakte Nr T46317/1994 vanweë Artikel 53 van die Wysigingswet op die Registrasie van Myntitels Wet Nr 24 van 2003.

H. **ONDERHEWIG VERDER** aan die voorwaardes vervat in Grondbrief Nr T15618/1984 soos uiteengesit in Skedule B tot genoemde Grondbrief en wat soos volg lees:

(a) die grond is onderworpe aan ewigdurende serwitute van waterleiding en/of dreinerings, soos omskryf in artikel 139, met insluiting van die regte bepaal in artikels 141(3) en 142(1)(a), (b) en (c) van die Waterwet, 1956, soos gewysig, ten aansien van enige bestaande kanale en afvoerslote gebou onder hierdie Staatswaterskema, ten gunste van die Republiek van Suid Afrika en is verder onderworpe aan die reg van die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewing of ander bevoegde gesag om enige verandering of vervanging te maak in die konstruksie of roete van die gesegde kanale en afvoerslote en om addisionele kanale en/of afvoerslote te bou. Die Staat sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir enige skade of verlies wat deur die eienaars gely mag word oor of op die gedeeltes wat aan die gesegde serwitute onderworpe is nie;

- (b) (i) die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring of ander bevoegde gesag by wie die verpligting vir die onderhoud van die verdelingsvore en afleivore hierna mag berus, die reg het om damme, reservoors, geleidings, watervore, geute, pypleidings en afleivore op die hierby toegekende grond aan te lê vir die toevoer van water na, of die afvoer van water van ander hoewes, of Staats- of privaatgrond, of vir publieke of ander doeleindes en om die nodige paaie langs sulke vore of afleivore te maak. Die behoorlik gemagtigde amptenare van die Staat of ander gemagtigde persone het te alle tye langs die genoemde paaie vrye deurgang oor die hierby toegekende grond vir die doel om sluise te reël en om, ingeval van belemmering van stroom te vore of afleivore te ondersoek, skoon te maak en te herstel;
- (iii) Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring of ander bevoegde gesag altyd die reg het om afleivore en dreineringsvore oor die hierby toegekende grond aan te lê en om materiaal daarvan te neem, benodig vir herstel of onderhoud van die leivore en dreineringsvore. Die skoonmaak, instandhou en herstel van die gesegde leivore en dreineringsvore moet deur die eienaar gesamentlik en afsonderlik met ander eienaars en/of huurders van hoewes binne die Nedersetting onderneem word;
- (c) die Staat, waterraad of ander bevoegde liggaam geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies wat die eienaar van die hierby toegekende grond mag ly as gevolg van waterskaarste of enige beperking van water of enige misoeste as gevolg daarvan, of enige skade wat deur oorstroming, deursypeling of enige oorloop van water veroorsaak is nie, en die eienaar het geen eis teen die Staat, waterraad of ander bevoegde liggaam vir enige vergoeding ten aansien daarvan nie;
- (d) alle paaie en deurgange wat wettig op die hierby toegekende grond aangelê is, vry en onbelemmer moet bly tensy sodanige paaie en deurgange op bevoegde gesag opgehef, gesluit of verander word;
- (e) 'n Reg-van-weg ten gunste van die huurders en/of eienaars van aangrensende of naburige hoewes op die nedersetting in 'n geskikte rigting na die naaste publieke pad te alle tye oor die hierby toegekende grond toegestaan moet word, ten gunste van die eienaars, huurders okkupeerders van die ander gedeeltes op die nedersetting, mits sodanige reg-van-weg volgens die mening van bevoegde gesag nodig is;
- (f) die eienaar moet, ingeval die hele of enige gedeelte van die hiermee toegekende grond gebruik word vir die weiding van vee van watter soort ookal, die grense daarvan asook die kante van alle besproeiingskanale, vore of afleivore wat daaroor gaan, moet omhein ooreenkomstig spesifikasies deur die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring vasgestel.

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

PIET STEENKAMP AGENBAG , Getroud soos vermeld

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat hy geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

JACOBUS EVERHARDUS NOLTE , Ongetroud


sy Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hy dat die verkoopprijs die bedrag van **R1 500 000,00 (Een Miljoen Vyf Honderd Duisend Rand)** beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES te Kaapstad op


05 OCT 2010

2010



q.q.

In my teenwoordigheid



REGISTRATEUR VAN AKTES